Voorbereiding van Ramme en Ooie vir Paarseisoene in die Najaar

Danie de Lange – 081 128 8713 – Feedmaster Mariental

Alle kleinveerasse, behalwe Angorabokke, is *"kortdagtelers".* Dit is algemeen bekend dat ooie se besettingsyfer en lampersentasie die beste is indien paring tussen Februarie en Junie geskied. Die natuurlike "prikkeleffek" is juis die afname in dagliglengte vanaf einde Desember EN dit val meestal saam beter weidingstoestande.

Die uitdaging is egter om goeie besettingsyfers te behaal in paarseisoene tussen Julie tot Desember. Vanaf 21 Junie begin dae weer langer raak en dit benadeel die tempo waarteen ooie op hitte kom. Verder maak die meeste ooie nog lammers groot indien daar nie spesifieke paarseisoene is nie en die weiding se voedingswaarde is besig om drasties te daal omdat dit uitgegroei en al doodgeryp het.

Dit is dus voor paarseisoene in die najaar wat prikkelvoeding een van die bestuursmaatreëls is om te oorweeg vir beter besetting van ooie. Ander belangrike faktore wat besetting benadeel is meestal skraler of maer ooie *('n kondisietelling van 2,5 en laer)* as gevolg van die volgende redes:

- ooie wat nog lammers soog,
- ooie waarvan die lammers onlangs gespeen is,
- ooie wat 'n meerling grootgemaak het,
- of jong ooitjies wat die eerste keer gepaar word en te lig is,
- alle ooilammers wat tydens die eerste 8 weke na hul geboorte swaargekry het.

Die doel van prikkelvoeding is om die ooi se kondisie net te verbeter sodat sy op hitte moet kom. Beter voedingstoestande stimuleer ooie om in siklus te kom en dus elke 17 dae op hitte te kom sodat die ram haar kan dek. Dit kan gedoen word deur ooie na 'n spaarkamp met goeie weiding te skuif en slegs 'n gepaste lek te gee of ooie prikkel met die regte produkte.

Die riglyne vir prikkelvoeding is dat daar twee weke voor ramme bygesit word met die ooie se behandeling begin word en volgehou word tot 4 weke na die ramme bygesit is, met ander woorde vir minstens 6 weke. Indien weidingstoestande en die kondisie van ooie nie na wense is nie, kan prikkelvoeding vir langer periodes gegee word. Mielies teen 150g/ooi/dag is voldoende onder normale omstandighede. A.g.v. tyd en kostes kan die volgende oorweeg word: gooi drie maal per week ongeveer 350g/ooi. Die beste resultate word altyd verkry indien ooie elke dag hul rantsoen kry. Die kombinasie van 'n gepaste lek wat daagliks beskikbaar is met mielies drie maal per week is 'n uitstekende opsie vir goeie besetting.

Die bevrugte embrio heg eers op dag elf na bevrugting aan die baarmoederwand, dus is dit raadsaam om met 'n proteïenlek voort te gaan na ramme uitgehaal is. Lammers wat na geboorte met 'n gelerige vrugvlies bedek is, is 'n indikasie van ooie wat tydens die eerste agt weke na bevrugting (vroeë dragtigheid) swaar gekry het.

Ooie wat vir die laaste 8 weke voor paring geen kontak met ramme, ramlammers of hamels gehad het nie, word ook geprikkel en in 'n mate gesinchroniseer deur die "rameffek" sodra die ramme bygesit word.

Die voorbereiding van die ramme is net so belangrik en sluit al die nodige entings en doserings in. Die proses van spermatogenese (saadvorming) neem 8 weke tot saadselle ryp en gereed is vir bevrugting. Veral die regte tipe voerkorrel sal die proses ondersteun om te verseker dat ramme soveel moontlik ooie binne die kortste tyd suksesvol kan dek.
Waak teen oorvet ramme want sulke diere se saadkwaliteit is nie na wense nie.

Gebruik Veekos Super Lammerooilek, Veekos Energielek of Veekos Afrondkorrels vir prikkelvoer.